Hersien Julie 2019 (kultuur)
Feb. 2018

HOËRSKOOL WATERKLOOF
PROSPEKTUS
KONSTITUSIE VIR PRESTASIE EN KLEURETOEKENNINGS

Algemene riglyne

Afdeling A: Akademiese toekennings

1. Akademiese toekennings
   - 1.1 Toekennings
   - 1.2 Vaktoekennings
   - 1.3 Topresteerders in graad
   - 1.4 Spesiale erkenning
     - 1.4.1 Saambou-trofee
     - 1.4.2 Die beste kreatiewe skryfwerk in Afrikaans
     - 1.4.3 Trophy for the best creative work in English
     - 1.4.4 Expo vir Jong Wetenskaplikes
     - 1.4.5 Robotika
     - 1.4.6 Afrikaans-Ekspo
     - 1.4.7 Olimpiades, Taalbond en Eksterne Taaleksamens
     - 1.4.8 Akademie vir Lugvaart en Tegnologie
     - 1.4.9 Ballet/Dans
     - 1.4.10 Musiek
   - 1.5 Top Akademiese toekennings

Afdeling B: Kultuurtoekennings

1. Toneel en film
2. Kultuurproduksie
3. Voortrekkers
4. Tweetalige, Afrikaanse en Engelse Redenaars en Debatte
5. Skoolkoor
6. Konsertorkes
7. Kuns
8. Redaksie: Klofiekan
9. Franse aand
10. Skryfkompetisies
11. Klofie-kunstefees
12. Kunswedstryde/Eisteddfods
13. Aktiwiteite buite skoolverband
14. Trofeë vir die kultuurseun en kultuurdogter van die jaar

Afdeling C: Sporttoekennings

1. Atletiek
2. Gholf
3. Hokkie
4. Krieket
5. Landloop
6. Netbal
7. Rugby
8. Skaak
9. Swem
10. Tennis
11. Fietsry
12. Perdry
13. Skeidsregterskap
14. Trofee vir sportman en sportdogter van die jaar
15. Aktiwiteite buite skoolverband

Afdeling D: Leierskap

1. Leierskap
2. Toekennings: Instituut vir Leierskap

Afdeling E: Dienslewering

Afdeling F: Betrokkenheid

ALGEMENE RIGLYNE WAARVOLGENS TOEKENNINGS VIR SKOOLPRESTASIES GEMAAK WORD

- ‘n Leerder ontvang jaarliks net die hoogste toekenning per aktiwiteit (bv. Indien Erekleure, dan nie Kleure nie).
- ‘n Penning is ‘n spesiale toekenning.
- Net die hoogste balkie per aktiwiteit word op die baadjie gedra.
- Konstitusies word van tyd tot tyd geëvalueer en veranderings kan gedurende ‘n jaar aangebring word.
- **Voorwaarde:** Toekennings is onderhewig aan ware Klofieburgerskap. Spesiale toekennings en trofeë is onderhewig aan die goedkeuring deur die bestuurskomitee.
- Prestasies/uitslae wat tot en met 30 September ontvang is, sal vir die meriete-aand van daardie bepaalde jaar in aanmerking geneem word.
- Toekennings vir individuele prestasies wat nie in die konstitusie opgeneem is nie, sal op meriete deur die komitee oorweeg word, met inagneming van die algemene riglyne.
- Alle toekennings moet deur bewyse van ‘n amptelike liggaam gestaaf word.
- **Die finale beslissing ten opsigte van die toekennings berus by die organiseerders en die merietekomitee.**

Sertifikaat van Verdienste - Ligaprestasie / Prestasie op eerste vlak

- Enige leerder genomineer deur organiseerder/afrigter en voorgelê vir goedkeuring.
- Twee jaar in ‘n eerstespan of groep wat vir die skool deelneem (ekwivalent aan ‘n eerstespan).
- Lid van ‘n span wat eerste of tweede eindig in ‘n plaaslike Gauteng-Noord provinsiale skolekompetisie (B- of laer area/bond).

Kleure - Prestasie op streeksvlak
(‘n Balkie wat onder die sakwapen op die baadjie gedra word.)

- Lid van ‘n span wat eerste of tweede eindig in ‘n plaaslike Gauteng-Noord /soortgelyke skolekompetisie, (A-area: Hoogste bond waarby alle skole in Pretoria ingesluit is.)
- In die geval van atletiek en ander individuele skoolsportsoorte moet ‘n individu ‘n eerste of tweede plek op bv. Interhoër verwerf. (Dit geld slegs in die gevalle waar die bond se samestelling op krag tot krag berus en nie waar dit geografies saamgestel is nie.)
- Medaljewenner vir individuele skoolsportsoort op provinsiale vlak.
- Lid van ‘n skoolspan wat as naaswenners in ‘n provinsiale interskolekompetisie of gelykwaardige kompetisie/finaal/Top Tien-span aangewys is.
- Lid van ‘n skoolspan wat op nasionale vlak deelneem (mits die span naaswenners op provinsiale vlak was).

Erekleure - Prestasie op provinsiale vlak
(Toepaslike balkie)

- Deelname vir sy/haar provinsie - provinsiale kleure. (A- of B-span), asook op skoolvlak aan ‘n soortgelyke aktiwiteit op hoogste vlak deelneem.
- Lid van ‘n skoolspan wat as wenners in ‘n provinsiale interskolekompetisie of gelykwaardige kompetisie/finaal/Top Tien-span aangewys is.
- Lid van ‘n skoolspan wat op nasionale vlak deelneem (mits die span wenners op provinsiale vlak was).
- Derde jaar Kleure vir betrokke aktiwiteit.

Pennings

- Brons: Lid van ‘n groep/span wat ‘n nasionale kompetisie wen en individuele wenners van silwer medaljes op landswye kompetisievlak.
- Silwer**:** Goue medalje wenner/eerste plek in ‘n skoolsportsoort op landswye kompetisievlak.
- Goud: Verwerwing van nasionale kleure in ‘n skoolsportsoort.
  SA-rekordhouer in ‘n skoolsportsoort.

AFDELING A: AKADEMIESE TOEKENNINGS

1. AKADEMIESE TOEKENNINGS

Gr. 8 en 11 se toekennings word volgens die finale promosiepunt bereken en Gr. 12 volgens die jaarpunt. (1e kwartaal 20%, 2de kwartaal 30%, 3de kwartaal 50%.)
Alle toepaslike eksamens moet afgelê word alvorens die toekenning gemaak word.

1.1 Toekennings

Sertifikaat van Verdienste

- Gr. 8 en 9: Gemiddeld van 80% - 84%
- Gr. 10: Gemiddeld van 75% - 79%
- Gr. 11 en 12: Gemiddeld van 70% - 74%

Kleure

- Gr. 8 en 9: Gemiddeld van 85% - 89%
- Gr. 10: Gemiddeld van 80% - 84%
- Gr. 11 en 12: Gemiddeld van 75% - 79%

Erekleure

- Gr. 8 en 9: Gemiddeld van 90%+ / lid van die akademiese Top 10-span
- Gr. 10: Gemiddeld van 85%+
- Gr. 11 en 12: Gemiddeld van 80%+
- Derde jaar Kleure

Spesiale Erekleure
Word toegeken aan leerders wat in die Seniorsertifikaateksamen sewe of meer onderskeidings behaal het. Die Erekleure-wapen word geraam: graveerplaatjies met die volgende inskripsie: *Spesiale Erekleure*, naam van leerder, aantal onderskeidings en jaartal word aangebring.

Akademiese penning
Goud: Gr. 10: Gemiddeld van 90%+
Gr. 11: Gemiddeld van 85%+
Gr. 12: Gemiddeld van 85%+

1.2 Vaktoekennings

Beste vakprestasie word toegeken aan leerders wat die beste presteer met ‘n minimumvereiste van 70%. Indien twee leerders dieselfde totaal het, word dit soos volg bereken: totaal volgens verhouding wat punte van onderskeie kwartale vir jaarpunt getel het. Leerders ontvang ‘n koopbewys/boek en ‘n sertifikaat. Graad 12-leerders ontvang

ook ‘n trofee. Minstens vyf leerders moet die vak neem. Elke leerder (gr. 10-12) wat vir ‘n vak 90%+ het en nie die toppresteerder in daardie vak is nie, ontvang ‘n sertifikaat.

1.3 Toppresteerders in graad

Top 10-leerders in elke graad ontvang ‘n Top 10-medalje en ‘n sertitikaat. Top 11-20-leerders ontvang ‘n sertifikaat. Die Top 20-leerders is gegrond op die finale gemiddelde promosiepunte vir die vorige jaar, met Lewensoriëntering uitgesluit. Die kriteria is in lyn met die Nasionale norm van die Gautengse Departement van Onderwys, wat ook by die landswye bepaling van top-kandidate in graad 12 geld.

1.4 Spesiale erkenning

1.4.1 Saambou-trofee

Beste leerder in Wiskunde en Rekeningkunde in gr. 12.

1.4.2 Die Beste Kreatiewe Skryfwerk in Afrikaans

- Slegs gr. 12-leerders kom vir die prys in aanmerking.
- Die prys sal jaarliks toegeken word aan die leerder wat die hoogste totale punt vir kreatiewe skryfwerk behaal het, op voorwaarde dat die punt nie laer as 75% is nie.
- Die kuns van skryfwerk sal as kriterium gebruik word.
- Alle skryfwerk vir die portefeulje sal in aanmerking geneem word.
- Deelname aan skryfkompetisies en die uitslag sal in ag geneem word.
- Skryfwerk wat buite die skool erken word, kan in ag geneem word.

Alle kreatiewe skryfwerk sal volgens ‘n vooropgestelde skaal/rubriek deur die gr. 12-Afrikaansonderwysers geëvalueer word. Die skaal is deur die GDO opgestel en word deurgaans by die nasien van kreatiewe skryfwerk gebruik. In die geval van ‘n gelykop uitslag, sal ‘n paneel van beoordelaars, bestaande uit: DSA/vakhoof en die senior Afrikaans-onderwysers die wenner aanwys.

1.4.3 Trophy for the best creative work in English

Only grade 12 learners will be considered for this award. The trophy will be awarded annually to the learner with the highest mark for the writing of essays. This mark may not be lower than 75%. All essays written during the year up to the record examination will be taken into consideration. All essays will be marked according to the marking grid employed by grade 12 teachers of English. The grid is provided by the GDE. Should a draw occur the winner will be appointed by a panel consisting of the head of department/subject head and senior teachers of English.

1.4.4 Expo vir Jong Wetenskaplikes

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Brons sertifikaat (Gauteng-Noord).

- **Kleure**
  Silwer sertifikaat (Gauteng-Noord).

- **Erekleure**
  Goue sertifikaat of kategoriewenner (Gauteng-Noord).
  Derde jaar Kleure.

- **Pennings**
  Brons: Silwer medalje (Nasionaal).
  Silwer: Goue medaljewenner (Nasionaal).

Goud: Gekies om Suid-Afrika op internasionale vlak te verteenwoordig.

1.4.5 Robotika

- **Kleure**
  Dring deur na SA's in FLL of WRO.

- **Erekleure**
  Afdelingwenner op streek FLL en WRO.
  Derde jaar Kleure.

- **Pennings**
  Brons: Deelname oorsee.
  Silwer: Deelname oorsee, pryswenner.

1.4.6. Afrikaans-Ekspo

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Silwer op nasionaal.

- **Kleure**
  Goud op nasionaal.

- **Erekleure**
  Nasionale afdelingswenners en buitengewone toekennings. Derde jaar kleure. 4

- **Pennings**
  'n Penning kan toegeken word indien 'n leerder drie keer 'n nasionale wenner was.

1.4.7 Olimpiades, Taalbond en Eksterne Taaleksamens

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Enige leerder genomineer vir uitsonderlike prestasie (byvoorbeeld Top 20 in Gauteng).
  Wetenskapolimpiade: leerders wat kwalifiseer vir bywoning van streeks-week.
  Tegnologiese Olimpiade: leerders wat sertifikate ontvang.
  Wiskunde Olimpiade: Top 5 juniors en 5 seniors n.a.v. prestasie in die 2de rondte van die Wiskunde Olimpiade.
  Tegnologiese Olimpiade: Gauteng-Noordnaaswenners.
  Skool/span naaswenners op streekvlak (Gauteng).
  Individuele naaswenners (Gauteng).

- **Kleure**
  Skool/span algehele wenners op streekvlak (Gauteng).
  Individuele wenners (Gauteng).
  Benoeming in amptelike lys van toppresteerders (Nasionaal).
  Tegnologiese Olimpiade: Gauteng-Noordwenners.
  Minquiz: Gauteng-Noordwenners.

- **Erekleure**
  Derde keer Kleure.
  Deelname aan finale rondte (landswyd) (Wiskunde). Gauteng-Noord Provinsiaal (span).
  Afrikaans: Top 20-pryswenners.

Wetenskapolimpiade: Landswyd Top 20.
Tegnologiese Olimpiade: Nasionale deelname.

- **Pennings**
  Brons: Silwer medaljewenner (nasionaal).
  Silwer: Goue medaljewenner (nasionaal).
  Nasionale wenners (Tegnologiese Olimpiade).
  Minquiz (nasionaal).

Aangesien die aard van eksamens aansienlik verskil, berus die finale besluite oor toekennings by die komitee.

1.4.8 Akademie vir Lugvaart en Tegnologie

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Grondskool afgehandel en geslaag.

- **Kleure**
  Verwerf MPL/PPL.

1.4.9 Ballet/Dans

Toekennings vir Ballet word slegs gedoen indien ‘n leerder Dans as skoolvak neem en die *Royal Academy of Dancing* Senior Eksamens en/of *Cecchetti* Senior Eksamens 5 afgelê het. Leerders kom slegs vanaf die *Intermediate/Elementary-* eksamen vir Kleure of Erekleure in aanmerking.

- **Kleure**
  Merit en ‘n A-simbool in *SADT Graduate Examination.*
  Royal Academy of Dance eksamen*: Merit.*
  DASA ballet eksamen: 80% en bo.
  Cecchetti ballet eksamen: *Merit*
  National society of Dance ballet Graduate eksamen: B+, B

  Afdelingwenner in twee kunste-/ streeksfeeste. Deelname aan provinsiale uitdunne vir nasionale kompetisies.

- **Erekleure: Ballet**
  A+ *Graduate Examination (National Society of Dance Teachers): Distinction*.
  Onder die top tien finaliste van ‘n nasionale danskompetisie.
  Royal Academy of Dance eksamen: *Distinction*.
  Cecchetti ballet eksamen: *Distinction*
  Dans Trofee vir top presteerder

- **Penning**
  Brons: Nasionale naaswenner van Danskompetisie.
  Silwer: Nasionale wenner van Danskompetisie.
  Goud: Internasionale deelname as SA-verteenwoordiger op grond van nasionale uitdunne.
  Eerste, tweede of derde plek in goedgekeurde internasionale danskompetisie.

1.4.10 Musiek

Erkenning van Musiek-sertifikaateksamens van Unisa, *Royals Schools, Pop & Rock* en *Rockschool.* Die volgende punteskaal is geldig vir leerders wat ‘n praktiese of

teoretiese musiekeksamen met welslae aflê. Leerders moet Musiek as vak neem en deel van die Departement se ensembles of Konsertorkes wees.

Hennie Joubert Merietebeurs: Hoogste landswye prestasie: 80 punte (Erekleure)

Ererol van Unisa:	15 punte
Slaag met lof:	10 punte
Slaag met eervolle vermelding:	7 punte
Atterbury Nasionale Klavierkompetisie:	20 punte vir derde rondte 15 punte vir tweede rondte
Philip Moore Nasionale Musiekkompetisie:	20 punte vir semi-finaal 80 punte vir finaal 80 punte 160 punte vir ‘n wen
Artscape Musiekkompetisie & IL Vento (blasers):	15 punte vir deelname 80 punte vir derde rondte 160 punte vir wen

- **Kleure**
  80 punte

- **Erekleure**
  Derde keer kleure**,** finaisl/solis van ‘n concertofees, finalis/ van ‘n landswye musiekkompetisie
  Lid/solis van ‘n provinsiale/streeks simfonieorkes.

- **Pennings**
  Brons: Lid van Nasionale Simfonieorkes.
  Silwer: Nasionale wenner van nasionale/internasionale musiekkompetisie
  Goud: Verteenwoordig Suid-Afrika internasionaal as musikant op grond van kompetisie

- **Trofeë**
  - **Musiekambassadeur van die Jaar:** Die toekenning word slegs aan ‘n leerder wat Musiek as skoolvak neem, gemaak. Die skool se naam moet op die hoogste moontlike vlak uitgedra word.
  - **Musiekleerder van die Jaar:** Slegs ‘n leerder wat Musiek as vak neem, kom in aanmerking vir die toekenning. Alle noemenswaardige kurrikulêre en buitekurrikulêre betrokkenheid word in aanmerking geneem. L
  - eerders moet ‘n curriculum vitae met die musiekprestasies van die betrokke jaar by die Musiekdepartement indien.

1.5 Top Akademiese toekennings

Dux-leerder en trofee vir uitnemende akademiese prestasie
Word toegeken aan die matrikulant wat die beste akademiese prestasie behaal het.
Die prestasie word bereken op die jaarpunt in die matriekjaar.
‘n Leerder wat in aanmerking kom, moet met sewe vakke die hoogste persentasie behaal.
Uitnemende akademiese prestasie: Leerder wat die meeste A’s behaal het.
Dux-leerder: Leerder met die hoogste gemiddeld in ses vakke.

AFDELING B: KULTUURTOEKENNINGS

Samestelling van kultuurgroepe en aanwysing van afrigters: Die skoolbestuur (met spesifieke verwysing na die adjunkhoof en direkteur: kultuur) neem volle verantwoordelikheid hiervoor. Dit is elke aktiwiteitshoof / verantwoordelike personeellid se verantwoordelikheid om betrokke leerders se prestasies / punte ens. jaarliks te administreer en aan te teken op ‘n spreiblad. Hierdie inligting moet dan deur die betrokke personeellid gekontroleer word op die leerder se aansoek vir merietetoekennings. Dit is die aktiwiteitshoof se verantwoordelikheid om dan toe te sien dat leerders se kultuurpunte jaarliks korrek is en oorgedra word na die volgende jaar.

Die betrokke personeellid moet die punte op die leerder se vorm voltooi volgens hierdie beleid. Wanneer die vorm by die direkteur kultuur ingehandig word deur die leerder, moet die vorm volledig voltooi wees met alle punt (ook punte wat van vorige jaar/jare oorgedra is) en baie duidelik aandui of die leerder vir ‘n verdienstelikheidsertifikaat, kleure of erekleure kwalifiseer. Indien aktiwiteitshoofde verander, moet die uittredende aktiwiteitshoof hierdie lêer aan die nuwe aktiwiteitshoof oorhandig.

Die adjunkhoof en direkteur kultuur is verantwoordelik om toekennings goed te keur NADAT die aktiwiteitshoofde dit klaar gekontroleer het en die leerders se vorms geteken het met ‘n aanbeveling. Aktiwiteitshoofde neem verantwoordelikheid dat kultuurtoekennings reg toegeken word omdat die aktiwiteitshoof die detail ken van die aktiwiteit.

KUNS- EN KULTUURTOEKENNINGS

1. TONEEL EN FILM

Toekenning sal volgens die bydrae en rol van die speler bepaal word. Akteurs en tegniese bystand verdien toekennings vir toneel en film. Die finale beslissing lê by die adjunkhoof en direkteur kultuur asook die komitee.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Verwerf ‘n A tydens die Pretoria-Beeld Eisteddfod en twee ander eisteddfods, kunstefeeste of kunswedstryde in een jaar.
  Dring deur na die tweede rondte van die ATKV-landswye toneelkompetisie of soortgelyke kompetisie.
  Presteer by plaaslike of streekstoneelkompetisie.

- **Kleure**
  Verwerf ‘n A+ tydens die Pretoria-Beeld Eisteddfod en twee ander eisteddfods of kunswedstryde in een jaar.
  Dring deur na die semi-finaal van die ATKV-landswye toneelkompetisie of soortgelyke kompetisie.
  Prestasie op provinsiale vlak.

- **Erekleure**
  Verwerf ‘n A++ tydens die Pretoria-Beeld Eisteddfod en twee ander eisteddfods of kunswedstryde in een jaar.
  Dring deur na die finaal van die ATKV-landswye toneelkompetisie of soortgelyke kompetisie.
  Derde jaar Kleure.

- **Penning**
  Brons: Individuele derde plek/groep tweede plek (landswyd).
  Silwer: Individuele tweede plek/groep eerste plek (landswyd).
  Goud: Individuele eerste plek (landswyd).

- **Trofee**
  Strongtrofee vir Buitengewoon voortreflike Toneelspel: Hierdie trofee sal slegs toegeken word indien daar ‘n produksie van gehalte op die planke gebring is (Afrikaans/Engels) wat buite die skool ook erkenning gekry het. Die seun/dogter moet werklik toneelspel van hoë gehalte gelewer het. Die rol wat vertolk is, moet ‘n belangrike rol wees, maar hoef nie noodwendig ‘n hoofrol te wees nie.

2. KULTUURPRODUKSIES

Musiekblyspel, operette, revue, film of ander kultuurproduksie
‘n Spesiale sertifikaat gekoppel aan die tema van die produksie word toegeken aan alle spelers in ‘n produksie van hoogstaande gehalte, met dien verstande dat die spelers ‘n groot inset moet lewer. Leerders wat die produksie as tegnici ondersteun, sal dieselfde sertifikaat ontvang.

3. VOORTREKKERS

Toekennings word volgens die ABC toekennings van die Voortrekkers gemaak.

Gebiedskampe:	10 punte per kamp (maks. 20 punte per jaar)
Selfbehoud:	20 punte (slegs Graad 11)
Keurkamp:	20 punte (eenmalig – einde Graad 11)

- **Kleure**
  80 punte bymekaar gemaak d.m.v. kampe bygewoon Gr 8 - 11
  Gebiedsjeug- of kommandoleier

- **Erekleure**
  Leerders wat Presidentsverkennerstoekenning ontvang.

- Pennings
  Brons: Gebiedsjeugleier

4. TWEETALIGE, AFRIKAANSE EN ENGELSE REDENAARS EN DEBATTE

Die skool affilieer by spesifieke redenaarskompetisies en erken slegs prestasies van hierdie kompetisies.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Leerders wat ‘n eerste of tweede op streekvlak (by ‘n kompetisie van redelike omvang waarby die skool geaffilieer is) behaal.

- **Kleure**
  Individue wat by die eerste rondte van die ATKV-redenaarskompetisie deurdring na en deelneem aan die landswye semifinaal.
  Spanwenners van die Van Huyssteen Gauteng-Noord Oratorsfees of soortgelyke kompetisie (van redelike omvang waarby die skool geaffilieer is).
  Individue wenners van Van Huysstteen Gauteng –Noord Oratorsfees of soortgelyke kompetisie (van redelike omvang waarby die skool geaffilieer is).
  Wenners van Oppie tong af-finaal.

- **Erekleure**
  Individue wat ‘n streekkompetisie (van redelike omvang waarby die skool geaffilieer is) wen en dan aan ‘n landswye finaal deelneem.
  Deelname aan ATKV-nasionale rondte .
  Derde jaar Kleure.

- **Pennings**
  Silwer: Individuele nasionale naaswenner aan ‘n kompetisie (van redelike omvang waarby die skool geaffilieer is)
  Goud: Individuele nasionale wenner aan ‘n kompetisie (van redelike omvang waarby die skool geaffilieer is)

- **Trofeë**
  Afrikaans - Sluit nie die prestasies van Interne Finaal in nie want daar is genoeg ander kompetisiegeleentheid in Afrikaans.
  Engels – Sluit wel die prestasies van die Interne Finaal in want daar is net een ekstra kompetisie vir Engels.
  Die Afrikaans- en Engelse personeel bepaal by watter kompetisies die skool affilieer.

5. SKOOLKOOR

80% bywoning van repetisies en optredes is ‘n voorvereiste vir enige toekenning.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Verwerf ‘n A tydens drie eisteddfods/kunswedstryde in een jaar.
  Prestasie op plaaslike of streeksvlak.

- **Kleure**
  Verwerf ‘n A+ in drie eisteddfods/kunswedstryde in een jaar.
  Afdelingwenner by Pretoria Eisteddfod of afdelingswenner in twee ander streeksfeeste.
  Goud by ATKV-Applouskompetisie (provinsiale kompetisie).

- **Erekleure**
  Verwerf ‘n A++ in drie eisteddfods/kunswedstryde in een jaar.
  Word tydens Applous vir deelname aan die landswye finaal gekies.
  Derde keer kleure.

- **Penning**
  Brons: Naaswenner van nasionale kompetisie (bv. Applous/in die hoogste kategorie).
  Silwer: Wenner van nasionale kompetisie in hoogste kategorie.
  Internasionale deelname as SA-verteenwoordiger op grond van nasionale uitdunne/kompetisie.
  Goud: Eerste plek in goedgekeurde internasionale koorkompetisie.

6. KONSERTORKES

80% bywoning van alle kompetisies en optredes is ‘n voorvereiste vir enige toekenning.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Verwerf ‘n A tydens enige drie eisteddfods/kunswedstryde in een jaar.
  Prestasie op plaaslike of streeksvlak.

- **Kleure**
  Verwerf A+ by enige drie eisteddfods/kunswedstryde in een jaar.
  Prestasie op provinsiale vlak.

- **Erekleure**
  Verwerf ‘n A++ tydens enige drie eisteddfods/kunswedstryde in een jaar.
  Derde jaar Kleure.
  Prestasie op nasionale vlak.

- **Penning**
  Brons: Naaswenner van nasionale kompetisie in die hoogste kategorie.
  Silwer: Wenner van nasionale kompetisie in die hoogste kategorie.
  Internasionale deelname as SA-verteenwoordiger op grond van nasionale uitdunne/kompetisie.
  Goud: Eerste plek in goedgekeurde internasionale kompetisie.

7. KUNS

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Leerders wie se werk gekies word vir ‘n streekuitstalling.

- **Kleure**
  Leerders wie se werk gekies word om op provinsiale vlak of aan die Rentmeesters se finale uitstalling deel te neem.
  Afdelingwenner by ‘n skoolgeïdentifiseerde streekskompetisie.
  Verwerf A+ by enige drie Eisteddfods in een jaar.

- **Erekleure**
  Leerders wie se werk gekies word om op nasionale vlak deel te neem.
  Algehele wenner van Eisteddfod.
  Verwerf A++ by enige drie Eisteddfods in een jaar.
  Derde jaar Kleure.

- **Pennings**
  Afhangend van die aard en omvang van die kompetisie wat deur nasionale of internasionale akkreditasie gestaaf word..
  Silwer: Naaswenner van ‘n nasionale kunskompetisie.
  Goud: Wenners van ‘n nasionale kunskompetisie.

8. REDAKSIE: KLOFIEKAN

Redakteur:	20 punte
Sub-redakteur:	15 punte
Redaksielid:	10 punte
Per artikel:	5 punte

- **Sertifikaat van Verdienste: 40**

- **Kleure:** 80 punte.
  Top Tien provinsiaal of nasionaal

- **Erekleure:** 160 / Derde keer kleure.
  Skoolkoerantwenners van nasionale kompetisie

9. FRANSE AAND

‘n Spesiale temasertifikaat word toegeken aan alle spelers in ‘n produksie van hoogstaande gehalte, met dien verstande dat die spelers ‘n groot inset moet lewer.

Leerders wat die produksie as tegnici ondersteun, sal dieselfde sertifikaat ontvang. Dit sal vir 4/5 punte by die Kultuurtoekennings aangebied kan word.

10. SKRYFKOMPETISIES

Leerders wat vermeldings ontvang of kategorieë wen by skryfkompetisies , kan dit aanbied vir punte by Kultuur.

Vermeldings op streeksvlak:	8 punte
Kategoriewenner:	10 punte
Provinsiale vlak:	20 punte
Nasionale vlak:	40 punte
Publikasie in Poort of soortgelyk:	80 punte

Kleure:	80 punte
Erekleure:	Derde keer kleure

11. KLOFIE KUNSTEFEES

Vir elke inskrywing = 1 punt
B +2 punte
A +3 punte
A+ +4 punte
Hierdie punte kan ook kombineer met kunswedstryde se puntetelling.

12. KUNSWEDSTRYDE/EISTEDDFODS

Die skool affilieer by vier Kunswedstryde (Pretoria Eisteddfod, Pierneef, Centurion en Afrikaanse Kunsvereniging) en erken ook net leerders se prestasie by hierdie vier kunswedstryde.

‘n Maksimum van 20 punte kan per jaar vir eisteddfods/kunswedstryde verdien word, sodat ‘n leerder aan die einde van graad 11 kleure vir eisteddfod kan behaal as hy/sy volpunte (20) vir elke jaar het. Dit kan uit deelname aan twee eisteddfods met ‘ maksimum van 10 punte per eideddfod uitgewerk word, of minder punte per eisteddfod vir deelname aan drie.

Die belangrikste is dat ‘n leerder ‘n maksimum van 20 punte per jaar vir eisteddfod/ kunswedstryde kan verdien.

Punte word soos volg toegedeel:
- A++ (2 punte)
- A+ (1 punt)
- A (1 punt)

Daar sal dan ‘n aanpasbare puntetoekenning vir Drama en Musiek by die Konsertvoordragprogram wees. Dié item bestaan uit vier drama-elemente en drie musiekelemente.

Die punte word dus soos volg toegedeel vir Drama onder die afdeling:
Konsertvoordragprogram:
- A++ (8 punte)
- A+ (4 punte)
- A (4 punte)

Die punte word dus soos volg toegedeel vir Musiek onder die afdeling:
Konsertvoordragprogram:
- A++ (6 punte)
- A+ (3 punte)
- A (3 punte)

Die verwerwing van kultuurtoekennings geskied op ‘n puntebasis vir erkende Eisteddfods, kompetisies en kunswedstryde:

- Beurs/trofee/medalje/algehele wenner van alle ouderdomme: 10 punte
- Kategoriewenner: 5 punte

Punte akkumuleer tot die vereiste aantal punte behaal is. Alle punte kan saam aangebied word vir kultuur, bv. 20 punte vanaf drama, 20 punte vanaf redaksie, 10 punte vanaf KKF of apart versamel word vir ‘n balkie van die spesialisarea bv. musiek: 40 punte vanaf kunswedstryd, 40 punte vanaf buite-orkes. Vir hertoekennings moet die punte weer versamel word.

- **Sertifikaat van Verdienste:** 40 punte.
- **Kleure:** 80 punte.
- **Erekleure:** 240 punte
  Derde keer kleure

PROSEDURE OM VIR KULTUURERKENNING AANSOEK TE DOEN:
- Leerders kry die korrekte vorm by die Direkteur: Kultuur waarop al die eisteddfods of kunswedstryde en simbole behaal, ingevul moet word. Moet nie die puntetoekennings voltooi nie – die betrokke personeellid moet dit voltooi en daarby parafeer. Indien die personeellid dit nie gekontroleer het en daarby geparafeer het nie, is die vorm ongeldig. Die Direkteur: Kultuur en Adjunkhoof: Kultuur keur dit dan eers goed.
- Heg afskrifte van diplomas of sertifikate en kommentaarstrokies aan. Geen oorspronklike sertifikate of diplomas moet aangeheg word nie. Indien ‘n stuk meer as een keer tydens eisteddfods of kunswedstryde opgevoer is, word slegs die hoogste punt erken.
- NB: Geen erkenning kan gegee word vir enige item waarvan die twee bewyse (diplomas of sertifikate en kommentaarstrokies) nie aangeheg is nie.
- Handig voltooide aansoeke met personeellid se handtekening op by die Direkteur: Kultuur in. Geen laataansoeke sal oorweeg word nie.
- Dit is die leerders se verantwoordelikheid om punte wat bymekaar gemaak is, te bewys met afskrifte van diplomas of sertifikate en kommentaarstrokies. Leerders moet dus die vorige jaar se bewyse bewaar om weer te kan indien.
- Dit is en bly die leerder se eie verantwoordelikheid om in samewerking met sy/haar afrigter die aansoeke korrek te voltooi en betyds in te handig.
- Wanneer die uitnodigings na die meriete-aande uitgegee word en ‘n betrokke leerder het sy/haar aansoek betyds ingehandig en dan nie ‘n uitnodiging ontvang nie, moet die leerder dit dadelik onder die aandag van die Direkteur: Kultuur bring. Indien aansoeke laat ingehandig is, diskwalifiseer die leerder hom/haar van erkenning en word die punte na die volgende jaar oorgedra.

13. AKTIWITEITE BUITE SKOOLVERBAND

Alle ander kultuuraktiwiteite (insluitend buitekore soos die Pretoria- en Tukkie Jeugkoor, asook die Jakaranda Kinderkoor en orkeste soos Simfonia Juventi en Tshwane Jeug Ensemble-groepe) word as aktiwiteite buite skoolverband geag. Deelname aan o.a. kreatiewe skryfkompetisies, danseksamens en –kompetisies, dramauitvoerings en

produksies van eksterne dramaskole, uitvoerings en kompetisies word aangemoedig en ondersteun.
Leerders kom egter slegs in aanmerking vir kultuurtoekennings in hierdie verband as hulle eerstens lid is van die skool se koor, konsertorkes, dansakademie, Arco Musicum, Blaasensemble (musiekdepartement), kultuurensemble en as leerders van Hoërskool Waterkloof inskryf en deelneem.

Prestasies in verskeie afdelings van bv. die Klofie Kunstefees (buite-beoordelaars) en kunswedstryde moet gestaaf word deur die voorlegging van sertifikate wat verwerf is.

14. TROFEË VIR DIE KULTUURSEUN EN KULTUURDOGTER VAN DIE JAAR

Die kultuurpersoonlikhede sal aangewys word deur die skoolhoof en die bestuurskomitee. Leerders MOET genomineer word deur personeel of leerders. Indien ‘n leerder nie genomineer is nie, kan hy/sy nie vir hierdie toekenning in aanmerking kom nie. Hierdie betrokke genomineerdes moet 'n volledige CV by die direkteur: kultuur ingandig met stawende bewyse van prestasies, deelname ensovoorts.

Die trofeë sal slegs toegeken word as daar wel ‘n seun en dogter is wat na die oordeel van die komitee kwalifiseer. Indien daar nie ‘n graad 12-leerder is wat kwalifiseer nie, kan die toekenning aan ‘n seniorleerder gemaak word.

Die kultuurseun en -dogter moet op minstens een kulturele gebied ‘n uitblinker, ‘n leier en toonaangewende kultuurpersoonlikheid wees.

Veelsydigheid is belangrik en die kultuurseun en –dogter moet aan minstens twee verskillende kulturele aktiwiteite deelneem anders kan hy/sy nie vir hierdie toekenning in aanmerking kom nie.

Die kultuurseun en –dogter moet ten minste een jaar aan die skool verbonde wees.

Punte word soos volg toegeken:

Aktiwiteit waaraan deelgeneem word: 1 punt per aktiwiteit

Vlak van deelname:

Skoolverband:	1 punt
Streeksverband:	2 punte
Streeksverband (individu):	3 punte
Provinsiaal:	3 punte
Provinsiaal (individu):	4 punte
Nasionaal:	4 punte
Nasionaal (individu):	5 punte
Internasionaal:	5 punte
Internasionaal (individu):	6 punte

Prestasiemeeting:

Derde plek:	1 punt
Naaswenner:	2 punte
Wenner:	3 punte
Medalje/trofee:	4 punte
Ondersteunende rol:	2 punte
Hoofrol	3 punte

Die prestasiemeting en vlak van deelname word saam beoordeel.

Leierskap:

Span/groep:	1 punt

Geheel: 2 punte

- ‘n Punt kan bygevoeg word vir verteenwoodiging / ambassadeurskap / gesindheid.
- ‘n Punt kan afgetrek word vir swak gedrag / gesindheid / dissipline.

AFDELING C: SPORTTOEKENNINGS

Samestelling van sportspanne en aanwysing van afrigters: Die skoolbestuur (met spesifieke verwysing na die sporthoof en sportdirekteure) neem volle verantwoordelikheid hiervoor. Waar leerders volgens talent of prestasie vir ‘n span hoër as die ouderdomsgroep gekies word, sal dit so gedoen word dat dit nie die hoër ouderdomsgroep se spelers benadeel omdat hulle speelgeleentheid ontneem word nie of die jonger ouderdomsgroep sodanig verswak dat hulle prestasie benadeel word nie.

Provinsiale kleure vir A-spanne – tref onderskeid tussen provinsiale toernooie (Kleure) en nasionale toernooie (Erekleure.) Provinsiale B-span kry slegs Kleure.

Alle toekennings is onderhewig aan Klofie-burgerskap en goeie gedrag.

Alle prestasies moet deur amptelike dokumentasie van ‘n amptelike liggaam gestaaf word.

1. ATLETIEK

Alle toekennings word vir individuele prestasies gemaak.

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Kaptein en kapteine van die Interhoër A span.
  Enige atleet genomineer vir uitsonderlike prestasie ter uitbouing van atletiek.

- **Kleure**
  Eerste of tweede plek op die PUK Groep 1 Interskole-byeenkoms of die Pretoria A Bond byeenkoms.
  Lid van die Prestige Top 10A-span
  Medaljewenner op AGN-kampioenskap.
  Deelname aan Gauteng-kampioenskap.

- **Erekleure**
  Derde jaar Kleure.
  Lid van wenspan by die Prestige Top 10A-byeenkoms.
  Lid van ’n provinsiale span wat aan ’n nasionale kampioenskap deelneem.

- **Pennings**
  Brons: Brons of silwer medalje op nasionale kampioenskappe.
  Silwer: Goue medalje op nasionale kampioenskappe.
  Goud: SA-rekordhouer; Lid van ‘n nasionale span.

- **Trofeë**
  Beste Junior Dogter, Beste Junior Seun, Beste Senior Dogter, Beste Senior Seun.
  (Junior is onder 14 en 15, Senior is onder 16, 17 en 19).

Toekennings word gemaak op grond van die beste enkele individue prestasie (plek behaal) volgens die volgende orde van belangrikheid: (In geval van 'n gelykopuitslag, word na die volgende beste prestasie gekyk.)
Olimpiese spele, Wêreldkampioenskap, Statebondspele, Afrika kampioenskap, Suidelike Afrika en Sone 6-byeenkoms, SA-kampioenskap (ASA en SA Skole), Gauteng-kampioenskap, Gauteng-Noordkampioenskap, PUK Interskole (A-span), Pretoria A-bond (Jakaranda), Top 10-byeenkoms (A span).

2. GHOLF

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Liga afdelingswenners en 80% wedstryde gespeel.
  Twee jaar eerstespan en 80% wedstryde gespeel.
  Ligawenners: B-afdeling en laer.
  Spankaptein.
  Ontvanger van 'n skooltrofee.
  Naaswenners van die Voorsitterstrofee of soortgelyke toernooie.

- **Kleure**
  Wenners van die Voorsitterstrofee of soortgelyke toernooie.
  Naaswenners van die Gauteng-Noordfinaal.
  Naaswenners van Noordvaaltrofee of soortgelyke toernooi.
  Naaswenners van die Woodlands Junior Meesters (top junior spantoernooi in land).
  Naaswenners van die Nasionale Retief Goosen SA Hoërskole Kampioenskap.

- **Erekleure**
  Wenners van die Gauteng-Noordfinaal.
  Gekies vir provinsiale span en aan nasionale toernooie deelgeneem.
  Wenners van Noordvaaltrofee of soortgelyke toernooi.
  Wenners van die Woodlands Junior Meesters (top junior spantoernooi in land).
  Derde jaar Kleure.
  Wenners van die Nasionale Retief Goosen SA Hoërskole Kampioenskap.

- **Penning**
  Brons: Provinsiale wenspan op nasionale O.18-toernooi.
  Naaswenner van die SA O.15-, O.17- of O.19-toernooi.
  Naaswenner SA-skole.
  Silwer: Lid van SA-gholfstigtingspan.
  Wenner van die SA O.15-, O.17- of O.19-toernooi.
  Wenner SA-skole.
  Goud: SA-skolespan, junior nasionale kleure of nasionale kleure.

- **Trofeë** (bepaal deur gholforganiseerder, in samewerking met afrigters)
  Belowendste speler.
  Gholfspeler van die jaar – seuns / dogters.

3. HOKKIE

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Ligawenners en 80% wedstryde gespeel.
  Gekies vir *Northerns* Provinsiale A- of B-span en toe beseer.
  Twee jaar vir eerstespan 80% van die wedstryde gespeel het.
  Naaswenners van Gauteng-Noord Stadsbeker (O.14A-, O.15A-, O.16A- en eerstespan).

- **Kleure**
  Wenners van Gauteng-Noord Stadsbeker (O.14A-, O.15A-, O.16A- en eerstespan).
  Naaswenners van Noord-Vaaltrofee (O.14A-, O.15A-, O.16A- en eerstespan).
  'n Speler wat vir *Northerns* provinsiale O.14B- of O.15B-span gekies word.
  Drie jaar vir eerstespan 80% van die wedstryde gespeel het.

- **Erekleure**
  Wenners van Noord-Vaaltrofee (O.14A-, O.15A-, O.16A- en eerstespan).
  'n Speler wat vir *Northerns* Provinsiale O.14A-, O.15A-, O.16A- en B- en O.18A-en B-span gekies word en aan 'n nasionale toernooi deelneem (indien B-span in dieselfde afdeling as die A-span by die toernooi speel).
  Derde jaar Kleure.
  Provinsiale A-span naaswenner op nasionale vlak.
  Indien 'n o.15-speler vir *Northerns* o.16B-span opgetrek word vanaf 'n o.15B-*Northerns*-span, word erekleure aan dié speler toegeken.

- **Penning**
  Brons: Provinsiale A-wenspan op nasionale vlak.
  SA-oefengroepe in ouderdomme.
  Silwer: Nasionale uitnodigingspanne.
  Goud: SA-skolespan

- **Trofeë: (**bepaal deur hokkiedirekteur, in samewerking met afrigters)
  Junior speler van die jaar: (O.14 en O.15) – top prestasie (seun & dogter).
  Senior speler van die jaar (O.16 en ouer) – top prestasie (seun & dogter).
  Beste vordering – eerstespan (seun en dogter).
  Hokkiespeler van die jaar – seuns én dogters:
  Kategorieë vir dié toekenning:
  - Lid van die eerste hokkiespan
  - Prestasie gelewer
  - Verantwoordelikheid
  - Bywoning van oefeninge
  - Gesindheid
  - Ambassadeurskap
  - Voorkoms

4. KRIEKET

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Northerns-areawenners en 80% wedstryde gespeel. Merietegevalle.
  Twee jaar of drie jaar vir eerste span en 80% wedstryde gespeel.
  Gekwalifiseerde skeidsregters (Vlak I).
  Gekies vir Northerns-klubspanne.
  Northerns-liganaaswenners (eerste- en A-spanne).
  Spelers vanalle spanne wat in 'n amptelike liga gewen het en 80% van die wedstryde gespeel het.
  Spankaptein
  Tellinghouers:
  Leerders wat 80% van wedstryde in 'n bepaalde seisoen telling gehou het.
  Tellinghouers ontvang 'n honorarium per wedstryd aan die einde van die seisoen.

- **Kleure**
  Northerns-ligawenners (eerste- en A-spanne). Wenners van A-afdeling by eerste spanne.

Provinsiale junior skeidsregters: verteenwoordig NKU op provinsiale vlak.
Tellinghouers ontvang Kleure na drie jaar as tellinghouer. (Verwys na Afdeling E: Dienslewering.)
Naaswenners van die Gunn & Moore Noordvaal-reeks (eerste en o.15A-span).
Gekies vir Northerns-skolespan vir nasionale weke: O.15B, O.17B of O.19B.

- **Erekleure**
  Gekies vir Northerns-skolespan vir nasionale weke: O.15A, O.17A of O.19A.
  Derde jaar Kleure.
  Wenners van die Gunn & Moore Noordvaal-reeks (eerste en o.15A-span).

- **Penning**
  Brons: Nasionale T20-wenspan
  Silwer: Nasionale uitnodigingspanne
  Goud: SA-skolespan, SA Colts of o.17- of o.19-Wêreldbekerspan.

- **Merietegevalle**
  Spesiale toekennings (Paaltjies, trofeë of sertifikate):
  Paaltjies: Kolfwerk: 50- en 100-talle in ‘n wedstryd va 30- of minder boulbeurte.
  100-talle in ‘n 50-beurt- of tydwedstryd.
  Boulwerk: Vier paaltjies in ‘n wedstryd van 30- of minder boulbeurte.
  Vyf paaltjies in ‘n 50- beurt-, verklarings- of tydwedstryd.
  Driekuns in enige formaat van die wedstryd.
  Dismissals in enige formaat van die wedstryd – dit kan vangskote of stonkkanse wees.
  Trofeë: Toekennings sal gemaak word na aanleiding van prestasies wat vir Hoërskool Waterkloof se spanne gelewer is. Geen eksterne faktore sal in ag geneem word vir boul-/kolftoekenningsn ie.
  Indien twee spelers dieselfde prestasie behaal het, word na provinsiale kleure en kapteinskap gekyk.
  Geen ekstra trofeë sal geskeduleer/bygevoeg word nie.
  - **o.14-speler van die jaar**
    Dit is volgens die mening van die beoordelingspaneel die o.14-speler wat deurlopend deur die jaar vir die skool in alle fasette van die spel uitgeblink het en wat uitstaande kolf- en/of boulprestasies, paaltjiewagter- en/of veldwerk gelewer het en toegesien het dat sy span goed presteer.
  - **Renier Janse van Rensburg Wisseltrofee vir die veelsydigste o.14-speler**
    Dit is na mening van die beoordelingspaneel die o.14-speler wat deurlopend deur die jaar vir die skool in alle fasette van die spel uitgeblink het en wat uitstaande kolf, boulprestasie of paaltjiewagterspel/ veldwerk prestasie behaal het.
  - **Junior snelbouer van die jaar**
    Die speler wat op o.14- en o.15-vlak die beste snelboulprestasie behaal het deur die meeste paaltjies te neem.
    As gelykop, word die lopies per paaltjie uitgewerk.
  - **Junior draaibalbouer van die jaar**
    Die speler wat op o.14- en o.15-vlak die beste draaiboul prestasie behaal het deur die meeste paaltjies te neem.
    As gelykop, word die lopies per paaltjie uitgewerk.
  - **Junior kolwer van die jaar**
    Die speler wat op o.14- en o.15 vlak die beste kolfprestasie behaal het deur die meeste lopies aan te teken.

- **Thomas Hewitt Wisseltrofee vir die junior speler van die jaar**
  Dit is na mening van die beoordelingspaneel die speler wat op o.15-vlak deurlopend deur die jaar vir die skool in alle fasette van die spel uitgeblink het en wat uitstaande kolfprestasie, boulprestasie, paaltjiewagterspel en veldwerk gedoen het en gesorg het dat die span goed presteer het. Slegs o.15-spelers kom in aanmerking omdat daar reeds trofee vir die o.14-speler van die jaar is.
- **Senior snelbouler van die jaar**
  Die speler wat in die oop spanne die beste snelboulprestasie behaal het deur die meeste paaltjies te neem.
  As gelykop, word die lopies per paaltjie uitgewerk.
- **Senior draaibalbouler van die jaar**
  Die speler wat in die oop spanne die beste draaiboulprestasie behaal het deur die meeste paaltjies te neem.
  As gelykop, word die lopies per paaltjie uitgewerk.
- **Senior kolwer van die jaar**
  Die speler wat in die oop spanne die beste kolfprestasie behaal het deur die meeste lopies aan te teken.
  As gelykop, word daar na die kolfgemiddeld gekyk.
- **Senior veelsydigste speler van die jaar**
  Die senior speler wat deurlopend deur die jaar vir die skool in alle fasette van die spel uitgeblink het en wat uitstaande kolf, boulprestasie of paaltjiewagterspel behaal het.
- **Hermann- en Malan Wisseltrofee vir die veelsydigste T20-speler van die jaar**
  Die senior speler (eerstespan) wat tydens alle T20-wedstryde uitgeblink het.
- **Speler van die jaar**
  Die senior speler wat deurlopend vir die skool deur die jaar in alle fasette van die spel uitgeblink het en wat uitstaande kolf, boulprestasie, paaltjiewagterspel, veldwerk gedoen het en gesorg het dat die span goed presteer het.
  Provinsiale kleure kan in ag geneem word as spelers baie gelyk is (volgens krieketdirekteur se diskresie).
- **Wisseltrofee vir die hoogste paaltjievennootskap**
  Dit is die twee spelers in die eerste span wat die hoogste paaltjievennootskap op senior vlak behaal het.
- **Wisseltrofee vir die Mees waardevolle speler in die span (Spelers se speler van die jaar)**
  Die speler in elke span wat deurlopend deur die jaar vir die skool in alle fasette van die spel uitgeblink het en wat by verskeie kere uitstaande spel (kolf, bal en veld) gelewer het om ’n wedstryd se uitkoms te “verander”. Hierdie trofee kan ook aan n speler gegee word wat die ekstra myl gestap, deurlopend hard gewerk het deur die jaar en die beste vordering gemaak het om sy spelpeil te verbeter.

5. LANDLOOP

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Enige atleet genomineer vir uitsonderlike prestasie ter uitbouing van landloop.

- **Kleure**
  Lid van ‘n span (seuns / dogters) wat aan die Noordvaalfinaal deelneem.
  Lid van wenspan (seuns / dogters) op Gauteng-Noord Hoërskole Landloopvereniging liga-kompetisie.
  Deelname (individueel) aan Gauteng-kampioenskap.

- **Erekleure**
  Medaljewenner (individueel) op Gauteng-Noord-kampioenskap.
  Medaljewenner (individueel) op Gauteng-Noord Hoërskole Landloopvereniging ligakompetisie.
  Derde jaar Kleure.
  Lid van ’n provinsiale span wat aan ’n nasionale kampioenskap deelneem.
  Lid van wenspan (junior dogters / junior seuns / senior dogters / senior seuns) tydens Noordvaalfinaal.

- **Pennings (individuele prestasies)**
  Brons: Brons of silwer medalje op nasionale kampioenskappe.
  Silwer: Goue medalje op nasionale kampioenskappe.
  Goud: SA-rekordhouer; lid van die nasionale span.

- **Trofeë**
  Beste junior dogter, beste junior seun, beste senior dogter, beste senior seun.

  Toekennings word gemaak op grond van die beste enkele individue prestasie (plek behaal) volgens die volgende orde van belangrikheid: (In geval van ’n gelykop uitslag word na die volgende beste prestasie gekyk.)
  Senior nasionale span, junior nasionale span, jeug nasionale span, SA-rekordhouer, medaljewenner op nasionale kampioenskappe, provinsiale rekord, medaljewenner op provinsiale kampioenskappe, provinsiale kleure as spanlid en deelgeneem of prestasie by Noordvaalfinaal.

6. NETBAL

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Ligawenners en 80% wedstryde gespeel.
  Twee jaar vir eerstepan gespeel in 80% wedstryde.
  O.14A-, O.15A-, O.16A-, O.17A-, O.19A-span: Tshwane-naaswenners.

- **Kleure**
  O.14A-, O.15A-, O.16A-, O.17A-, O.19A-span: Tshwane-wenners.
  Gauteng-naaswenners.
  O.14A-, O.15A-, O.16A-, O.17A- en O.19A-span: *Top Schools*-naaswenners.

- **Erekleure**
  Lid van Gautengskolespan wat aan nasionale toernooie deelneem.
  Gauteng-wenners.
  O.14A-, O.15A-, O.16A-, O.17A- en O.19A-span: *Top Schools*-wenners.

- **Penning**
  Brons: Lid van Provinsiale A-wenspan tydens nasionale toernooi (All Ages) (behalwe spelers van satelliettoernooie)
  Lid van SA oefengroepe.
  SA Top Schools-wenners
  Silwer: SA-uitnodigingspanne.
  Goud: SA-skolespan.

- **Trofee: Netbalspeelster van die Jaar: Junior en Senior**
  Junior: Die trofee word toegeken aan ‘n O.14A- en O.15A-netbalspeelster op grond van prestasie.
  Senior: Die trofee word toegeken aan ‘n O.19A-netbalspeler op grond van prestasie.
  Jaarlikse toekenning is nie verpligtend nie. Indien meer as een speelster kwalifiseer volgens kategorie B, sal die trofee toegeken word aan die speelster wat die beste vaar ten opsigte van kategorie C tot E.
  Die volgende kategorieë geld vir toekenning by seniors:
  - Lid van O.19A-span: Slegs speelsters wat vir die O.18A-span gespeel het, kwalifiseer vir die toekenning.
  - Prestasie gelewer: Die dogter wat volgens die puntetabel die beste in netbal presteer het vir die bepaalde seisoen:
    SA-skolespan: 20 punte; Top 30 (SA):18 punte; provinsiaal: 15 punte
    Kaptein van ‘n provinsiale span (5 punte).
    Kaptein van die SA-skolespan (8 punte).
  - Verantwoordelikheid:
    Bywoning van oefeninge (3 punte).
    Bywoning van oefeninge in vakansie (3 punte).
    Stiptelikheid (3 punte).
  - Gesindheid (3 punte).
  - Ambassadeurskap (3 punte).

7. RUGBY

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Blou Bulle areawenners en 80% wedstryde gespeel. Meriete-gevalle. Twee jaar vir eerstespan gespeel in 80% wedstryde.
  Blou Bulle-finaal (naaswenner). (Reserwes ingesluit, maksimum van 22 spelers en was 80% van ligawedstryde reserwes.)

- **Kleure**
  Blou Bulle-finaal (wenner). (Reserwes ingesluit, maksimum van 22 spelers en was 80% van ligawedstryde reserwes.)
  Spelers wat die provinsie op provinsiale toernooie verteenwoordig (B-span).
  Naaswenners van die Vriseker-beker of soortgelyke trofee se finaal (1e, O.16A, O.15A en O.14A).

- **Erekleure**
  Speler wat sy provinsie tydens ‘n nasionale toernooi verteenwoordig het (A-span).
  Wenners van die Vriseker-beker of soortgelyke trofee se finaal (1e, O.16A, O.15A en O.14A).
  Derde jaar Kleure.

- **Penning**
  Brons: SA-oefengroepe (*elite-squads*). Lid van provinsiale wenspan tydens Cravenweek.
  Silwer: SA-uitnodigingspanne (bv. SA-Akademiespan)
  Goud: O.18 SA-skolespan

- **Trofeë: Rugbyspeler van die Jaar - Junior en Senior**
  Die trofee word aan ‘n rugbyspeler van die eerste rugbyspan toegeken op grond van prestasies. Jaarlikse toekenning is nie verpligtend nie. Indien meer as een speler kwalifiseer volgens kategorie B, sal die trofee toegeken word aan die speler wat die beste vaar ten opsigte van kategorie C tot F.

Die volgende kategorieë geld vir toekennings:

A Lid van eerste rugbyspan
Slegs spelers wat vir die eerstespan gespeel het, kwalifiseer vir die toekenning.

B Prestasie gelewer
Die seun wat volgens die puntetabel die beste in rugby presteer het vir die bepaalde seisoen:
Bonde-span: 18 punte; Blou Bulle A-span: 15 punte; Blou Bulle B-span: 12 punte; Blou Bulle C-span: 9 punte; beste gevaar tydens proewe: 6 punte.

C Verantwoordelikheid:
Bywoning van oefeninge
Alle oefeninge bygewoon: 3 punte; meer as een oefening nie bygewoon: 2 punte; swak bywoning: 1 punt.
Stiptelikheid: Byeenkomste, oefeninge, wedstryde.
Baie goed: 3 punte; gemiddeld: 2 punte; swak: 1 punt.

D Gesindheid
Indien sy gesindheid teenoor sy spel, sy span en sy afrigter deurgaans absoluut lojaal en positief is: 3 punte.

E Ambassadeurskap
Die seun moet deur die seisoen in sy gedrag en optrede sy skool se naam hoog hou op die veld en van die veld af: 3 punte.

F Bydrae gelewer
Die mate van leierskap aan die dag gelê gedurende die seisoen, asook die inset wat gelewer is om rugby in die algemeen by Hoërskool Waterkloof te bevorder: 5 punte.

7'S-RUGBY

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Wenners van 'n @lantic 7's-toernooi en 80% wedstryde gespeel.
  Meriete-gevalle.

- **Kleure**
  Lid van skoolspan wat kwalifiseer en deelneem aan die Nasionale toernooi (*Champion of Champions*).
  Nasionale toernooi-naaswenners.

- **Erekleure**
  Nasionale toernooi-wenners.
  Derde jaar Kleure.

- **Pennings**
  Brons: Insluiting in @lantic 7's-span wat aan provinsiale senior kompetisie deelneem.
  Silwer: Insluiting in @lantic 7's-span wat aan internasionale senior kompetisie deelneem of 'n provinsiale senior 7's-span.
  Goud: Insluiting in 'n nasionale junior- of senior 7's-span.

8. SKAAK

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Ligawenners.
  Twee jaar lank vir eerstespan in 80% wedstryde.
  Kaptein en onderkaptein van A-spanne.
  Naaswenners: Distriksfinaal.

- **Kleure**
  Lid van provinsiale B-span.
  Wenners: Distriksfinaal
  Naaswenners: Gauteng-skolekampioenskap.

- **Erekleure**
  Wenners: Gauteng-skolekampioenskap.
  Derde jaar Kleure.
  Lid van provinsiale A-span, of ‘n skoolskaakspan wat aan ‘n nasionale toernooi deelneem.

- **Penning**
  Brons: Lid van provinsiale A-wenspan tydens nasionale toernooi.
  Individuele tweede plek by ‘n nasionale kampioenskap.
  Silwer: Wenner: Nasionale skolekampioenskappe.
  SA-uitnodigingspan.
  Individuele wenner by ‘n nasionale kampioenskap.
  Goud: SA-skolespan of nasionale kleure (internasionale deelname vir Suid-Afrika).

- **Trofeë – Top skaaktoekennings**
  Skaakspeler van die jaar vir seuns én dogters: Een van die top spelers in die eerste span, gesindheid, bydrae en ambassadeurskap.
  Top puntemaker van die jaar: Neem aan die kompetisies van die skool deel en behaal die hoogste totale punte.
  Belowendste speler: ‘n Jong skaakspeler wat uitstekende belofte, talent en betrokkenheid toon.

  Nie-Springbokke/nie-nasionale wenners wat aan internasionale toernooie deelneem se toekenning sal op meriete beoordeel word.

9. SWEM

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Liga-afdelings/ onoorwonne in liga en 80% (minstens drie) galas geswem.
  Twee jaar interhoërspan geswem en 80% galas deelgeneem.
  Kaptein en onderkaptein van swemspan.
  Naaswenners van E-, D-, C-, of B-Bond Interhoër (Gauteng-Noord).

- **Kleure**
  Wenners van E-, D-, C-, of B-Bond Interhoër (Gauteng-Noord).
  Naaswenners van A-bond Interhoër (Gauteng-Noord).
  Drie jaar lid van die A-span.
  Medaljewenner op A-bondbyeenkoms.
  Swemmers wat op Vlak III kwalifiseer en deelneem.
  Swemmers wat op Vlak II in finaal deelneem.

- **Erekleure**
  Wenners van A-bond Interhoër (Gauteng-Noord).
  Gekies vir provinsiale span wat aan nasionale toernooie deelneem.
  Derde jaar Kleure.
  Victor/victrix ludorum Interhoër.

- **Penning**
  Brons: Lid van provinsiale wenspan op nasionale kampioenskap.
  Silwer: Lid van SA-span of medalje by Jeugspele ontvang.
  Goud: Junior nasionale kleure of nasionale kleure of medalje by ‘n senior byeenkoms ontvang.

- **Trofeë**
  Junior/Senior Victor/Victrix Ludorum Interhuis.

10. TENNIS

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Leerders wat ligawenners is en 80% wedstryde gespeel het.
  Meriete-gevalle.
  Twee jaar eerstespan (bo 15) gespeel het in 80% wedstryde.

- **Kleure**
  Eerstespan O.15 en bo.15 A-liga-wenners.

- **Erekleure**
  Speler gekies vir Gauteng-Noordskolespan (juniors en seniors) en 80% vir skool se eerste-spanwedstryde gespeel.
  Derde jaar Kleure.

- **Penning**
  Brons: Lid van interprovinsiale wenspan of wenspan op SA-skole Kampioenskap.
  Individueel tweede of derde plek op Nasionale Kampioenskappe.
  Silwer: SA-skole (B-span) of SA uitnodigingspanne.
  Individuele wenner by nasionale kampioenskap.
  Goud: SA-skole (A-span); Individuele wenner by internasionale toernooie.

- **Trofee vir Beste Junior Seun/Dogter en Beste Senior Seun/Dogter**

11. FIETSRY

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Ryers wat gedurende die seisoen aan al die ligabyeenkomste deelgeneem het.

- **Kleure**
  Ryers wat by ten minste twee byeenkomste punte vir hul skool verdien het en deel van die skoolspan, wat tweede of derde tydens die provinsiale skolereeks (noord van die Vaal) geëindig het, uitmaak.

- **Erekleure**
  Ryers wat by ten minste twee byeenkomste punte vir hul skool verdien het en deel van die wenspan uitmaak tydens die provinsiale skolereeks (noord van die Vaal), of wat vir ‘n derde jaar Kleure ontvang.

- **Penning**
  Brons penning: Ryers wat ‘n brons of silwer (tweede of derdeplek) op die SA-Bergfietsrykampioenskap behaal.
  Silwer penning: Ryers wat ‘n goue (eersteplek) tydens die SA-Bergfietsrykampioenskap behaal.

Goue penning: Ryers wat vir ‘n SA-span gekies word en op ‘n internasionale byeenkoms deelneem.

12. PERDRY

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Lid van die skoolspan wat aan **al** die ligas (*qualifiers)* deelgeneem het en naaswenners van die Pretoria-streek of –skoleliga is.

- **Kleure**
  Lid van die skoolspan wat aan **al** die ligas (*quilifiers)* deelgeneem het en wenners van die Pretoria-streek of –skoleliga is.
  Lid van die Gauteng-Noordspan wat aan die Gauteng-kampioenskap deelgeneem het.

- **Erekleure**
  Lid van die Gauteng-span wat aan die nasionale kampioenskap deelgeneem het.
  Derde jaar kleure.

- **Penning**
  Brons penning: Behaal ‘n tweede of derdeplek op die nasionale kampioenskap.
  Silwer penning: Behaal ‘n eersteplek op die nasionale kampioenskap.
  Goue penning: Lid van die nasionale span wat aan ‘n internasionale byeenkoms of kampioenskap deelneem.

Trofeë

- **Victrix Ludorum**
  Die ruiter wat die meeste punte gedurende die vier Tshwane-kwalifiserende rondtes verwerf in al die dissiplines waaraan deelgeneem word.
- ***Show jumping***
  Die ruiter wat die meeste punte vir die dissipline gedurende die vier Tshwane-kwalifiserende rondtes verwerf.
- ***Equitation***
  Die ruiter wat die meeste punte vir die dissipline gedurende die vier Tshwane-kwalifiserende rondtes verwerf.
- ***Showing***
  Die ruiter wat die meeste punte vir die dissipline gedurende die vier Tshwane-kwalifiserende rondtes verwerf.
- ***Dressage***
  Die ruiter wat die meeste punte vir die dissipline gedurende die vier Tshwane-kwalifiserende rondtes verwerf.

  Let wel: Daar word nooit ‘n SA-span gekies nie, met ander woorde, goue pennings kan nie vir perdry toegeken word nie.

  Perderuiter van die jaar moet aan die volgende voldoen:
  1. Moet ‘n provisiale ruiter (Gauteng-Noord) wees.
  2. Moet vir Gauteng-span gekies word.
  3. Beste plek behaal op die SA Skolekampioenskap

13. SKEIDSREGTERSKAP

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Deur *Northerns Blues*-Unie aangestel om by ‘n provinsiale toernooi as skeidsregter op te tree.

- **Kleure**
  Deur *Northerns Blues*-Unie aangestel om by ‘n nasionale / interprovinsiale toernooi as skeidsregter op te tree.

- **Erekleure**
  Deur *Northerns Blues*-Unie aangestel om as skeidsregter van die finaal van ‘n A-afdeling van ‘n nasionale toernooi op te tree.

14. TROFEE VIR SPORTMAN EN SPORTVROU VAN DIE JAAR

- Die trofee gaan aan die senior leerder (graad 10 – 12) wat die meeste nasionale prestasies in skoolsportsoorte behaal het. Indien daar nie ‘n leerder is wat nasionale prestasies in meer as een skoolsportsoort behaal het nie, gaan die trofee aan die Gr. 12-leerder met die hoogste enkele nasionale prestasie in ‘n skoolsportsoort. Indien daar nie ‘n Gr. 12-leerder is wat nasionaal presteer nie, kan die toekenning aan ‘n gr. 11-leerder of ‘n leerder in ‘n laer graad toegeken word wat wel nasionaal presteer het.
- Die kandidaat moet aan ‘n sportsoort deelneem wat in kompetisie met ander skole aangebied word. Die kandidaat moet die skool in eerstespanverband verteenwoordig.
- Ten minste een jaar aan die skool verbonde wees.
- Goeie gedrag (wat teenwoordigheid en skoolwerk insluit) en goeie sportmangees moet kenmerkend van sy/haar optrede wees.
- Elke sportorganiseerder nomineer, met motivering, die beste kandidaat met die hoogste prestasie.
- Die BK oorweeg nominasies en wys die beste sportman en sportvrou van die jaar aan.
- Die volgende kategorieë word bepunt:

1. Nasionale A-span	5
2. Nasionale B-span	4
3. Nasionale oefengroep	3
4. Nasionale span – buitesport	3
5. Kaptein van SA-span (o.18 of o.19)	3
6. Kaptein van SA o.17-span	1
7. Onderkaptein van SA-span	2
8. Neem vir skool se eerste span deel	1
9. Kaptein van skool se eerste span	2
10. Onderkaptein van skool se eerste span	1
11. Ander provinsiale sportsoort	2
‘n Punt kan bygevoeg word vir:	
• Nasionale senior verteenwoordiging	1
• Ambassadeurskap / gesindheid	1
‘n Punt kan afgetrek word vir:	
• Swak gedrag / gesindheid / dissipline	1

15. TROFEE VIR BELOWENDSTE SPORTMAN EN SPORTVROU VAN DIE JAAR

Enige ander sportman of sportvrou in dieselfde kategorie as Sportman en Sportvrou van die Jaar, kan dié toekenning verdien indien daar ‘n geskikte kandidaat is.

16. AKTIWITEITE BUITE SKOOLVERBAND

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Leerders wat **provinsiale kleure** verwerf, maar nie aan SA-kampioenskap deelgeneem het nie. (Bv. Blou Bulle-klubrugby, Gauteng-Noord klubkrieket en Gauteng-Noord Aksienetbal.)

- **Kleure**
  Leerders wat provinsiale kleure in ‘n A-span verwerf het en aan ‘n **SA-kampioenskap** deelgeneem het.

- **Erekleure**
  Leerders wat in ‘n SA-span opgeneem is en **internasionaal** vir Suid-Afrika deelgeneem het.
  Derde jaar Kleure.

Erekleure is die hoogste toekenning wat aan ‘n leerder wat aan ‘n buitesport deelneem, gemaak kan word.
Leerders wat as klublede provinsiale kleure in ‘n skoolsport (buite skoolverband) kry, sal toekennings ontvang volgens die beslissing van die merietekomitee. Die komitee besluit oor die meriete van elke aansoek. Die besluit van die komitee is finaal. Deelname op die hoogste vlak in dieselfde sportsoort vir die skool is ‘n voorvereiste.

AFDELING D: LEIERSKAPTOEKENNINGS

1. **LEIERSKAP (Balkie sal voortaan *KLOFIERAAD* lees.)**

- **Sertifikaat van Verdienste**
  VLR-lid, spankaptein, koorprefek/-hoofleier by konsertorkes.

- **Kleure**
  Dagbestuur van VLR, koshuisprefek.

- **Erekleure**
  Lid van Klofieraad, koshuishoofseun/-meisie.

- **Penning**
  Brons: Kaptein van ‘n provinsiale skolesportspan; gebiedsjeugleier van Transvaalse Voortrekkers.
  Silwer: Kaptein SA-skolespan, een van die ses nasionale jeugleiers van die Voortrekkers.
  Goud: Slegs op die trofee van die hoofleiers.

2. **JUNIOR STADSRAAD**

- **Sertifikaat van Verdienste**
  Een jaar lid van die Junior Stadsraad.

- **Kleure**
  Twee jaar lid van die Junior Stadsraad.

- **Erekleure**
  Ampsdraer van die Stadsraad.
  Goudtoekenning van Stadsraad.

3. TOEKENNINGS: INSTITUUT VIR LEIERSKAP (Balkie sal *LEIERSKAP* lees.)

- **Sertifikaat van Verdienste**
  16 ure (noodhulp)

15 punte

- **Kleure en silver ATKV-penning**
  20 punte

- **Erekleure en goue ATKV-penning (in graad 11 – na lid vanaf graad 8 - 10)**
  30 punte PLUS bywoning van oorlewingskamp (verpligtend)

AFDELING E: DIENSLEWERING

Sertifikaat van verdienste, kleure en erekleure word volgens meriete en op grond van kwaliteit en gesindheid toegeken vir dienslewering.
Aktiwiteite wat hiervoor in aanmerking kan kom is byvoorbeeld

Klankspan
Helpers by onthale, funksies en byeenkomste
Snoepiehelpers
Skool se amptelike fotograwe
AIS

Om te kwalifiseer moet ‘n leerder ‘n minimum van 90 uur per jaar gratis werk.

1 jaar diens – Sertifikaat van Verdienste
2 jaar diens – Hertoekenning van Sertifikaat van Verdienste
3 jaar diens – Kleure
4 jaar diens – Erekleure

‘n Leerder wat dié toekenning ontvang, moet in sy/haar matriekjaar minstens tot ná die Junie-eksamen betrokke bly om leiding te neem en met die opleiding van nuwe leiers te help.

Die oordeel van die betrokke direkteur en sy/haar adjunkhoof hierdie toekenning maak omdat Dienslewering so divers is.

AFDELING F: BETROKKENHEID

A MEDIA AMBASSADEUR VAN DIE JAAR

1. AGTERGROND

Daar word jaarliks ‘n toekenning aan die leerder gemaak wat die beste blootstelling aan die skool bied deur middel van die media, hetsy elektronies -, druk- of digitale media. Die blootstelling word as ‘bemarking’ van die skool gesien en help met beeldbou en reputasiebestuur van die skool.

2. OMSKRYWING VAN TITEL VAN TOEKENNING

Daar is tot op hede na die ‘*Bemarker van die Jaar’* verwys, maar die beskrywing behoort eerder na die ‘*Media ambassadeur van die Jaar’* te verwys. ‘n Ambassadeur se funksie is veel wyer en dieper as dié van ‘n bemarker en sal aan leerders wat regtig aan dié rol voldoen, die geleentheid bied om op gepaste wyse erkenning daarvoor te geniet.

3. DOELWIT VAN TOEKENNING

Die primêre doelwit van die toekenning is om erkenning aan die individue/groep te bied vir die rol wat hy/sy/hulle in die beeldbou en reputasiebestuur van die skool gespeel het.

Daar is egter ook sekondêre doelwitte van dié toekenning. Dit is om

- meer leerders te motiveer om as ambassadeurs vir die skool op te tree;
- die beeld van die skool te bevorder en reputasie te bou;
- leerders op ‘n sigbare manier te bedank vir insette gelewer tot die posisionering van die skool.

4. PROSES

Nominasies vir ‘Media ambassadeur van die Jaar’ kan op drie maniere gemaak word.

4.1. Nominasies deur Bemarkingsafdeling

- Verwerking van mediadekking en blootstellingsgeleenthede wat deur die jaar verkry is om te bepaal wie die kortlys van kandidate behoort te wees.

4.2. Nominasies deur onderwysers en leerders

- Onderwysers en leerders dien ‘n aansoekvorm met stawende bewyse by Bemarkingsafdeling in vir konsolidasie en samestelling van ‘n kortlys.
- Onderwysers en leerders moet afskrifte van artikels, insetsels of klankbane of openbare optredes aanheg.
- Nota: Geen erkenning kan gegee word vir enige mediadekking en/of blootstelling waarvan die bewyse nie aangeheg is nie.
- Handig voltooide aansoeke by die Bemarkingsafdeling in. Geen laataansoeke sal oorweeg word nie.

4.3. Nominasies deur leerders self

- Leerders kry die korrekte vorm by die Bemarkingsafdeling waarop al die mediadekking en blootstelling per medium en deelnamevlak, ingevul moet word.

  Leerders moet afskrifte van artikels, insetsels of klankbane of openbare optredes aanheg.
  Nota: Geen erkenning kan gegee word vir enige mediadekking waarvan die bewyse nie aangeheg is nie.
- Handig voltooide aansoeke by die Bemarkingsafdeling in. Geen laataansoeke sal oorweeg word nie.

- Dit is die leerders se verantwoordelikheid om mediadekking en blootstelling te bewys met afskrifte van nodige dokumentasie. Leerders moet dus die hele jaar se bewyse bewaar vir indiening.
- Dit is en bly die leerder se eie verantwoordelikheid om die aansoeke korrek te voltooi en betyds in te handig.
- Indien aansoeke laat ingehandig is, diskwalifiseer die leerder hom/haar van erkenning.

Wanneer alle aansoeke met stawende bewyse ontvang is, sal die volgende proses gevolg word:

- Die Bemarkingsafdeling stel ‘n kortlys saam, gebaseer op die minimum kwalifiserende kriteria.
- Die kortlys word aan die Bestuurskomitee voorgelê vir insette en evaluasie.

- Die Bestuurskomitee bevestig/bekragtig die wenner na bespreking en oorweging van die bewysstukke.
- Die besonderhede van die wenner tesame met ‘n motiveringsdokument, word aan die organiseerders van die meriete-aand deurgegee.
- Toekennings word jaarliks tydens die meriete-aand aan die wenner oorhandig.

5. KRITERIA

5.1. KWALIFISERENDE VOORWAARDES

Die volgende voorwaardes sal geld met die oorweging van aansoeke en nominasies vir die toekenning:

5.1..1. Die genomineerde leerder moes te alle tye Hoërskool Waterkloof verteenwoordig het.
5.1..2. Daar moet spesifiek na die skool in die berig / artikel / insetsel / klankbaan verwys word, of verteenwoordiging op eksterne forums moet die skool sigbaar/bekend wees, hetsy deur kleredrag of spesiale vermelding.
5.1..3. Die blootstelling moet ‘n positiewe beeld van die skool en die leerder uitdra.
5.1..4. Indien die leerder dissiplinêr by die skool vir oortredings aangespreek is, kan hy/sy nie vir die toekenning kwalifiseer nie en sal dit outomaties aan die tweede kandidaat oorgedra word.
5.1..5. Geen voorkeur sal aan enige spesifieke area binne die skoolkurrikulum gegee word nie en daar sal aan leerders vir akademie, sport en kultuur presies dieselfde gewig toegeken word in die allokasie van punte.
5.1..6. Geen ouer-inmenging sal geduld word nie.
5.1..7. Toekennings kan aan individue, sowel as groepe gemaak word en hang primêr van die hoeveel en kwaliteit van blootstelling en / of die verteenwoordiging en vermelding op ‘n openbare forum aan die skool af.
5.1..8. Buite skoolaktiwiteite sal slegs oorweeg word indien daar direkte blootstelling daardeur aan Hoërskool Waterkloof verleen word.
5.1..9. Blootstelling kan slegs vir evaluasie in ag geneem word indien daar bewyse gelewer kan word van alles; artikels, insetsels, klankbane, video’s ensovoorts.
5.1..10. Blootstelling sal slegs vir die spesifieke jaar in ag geneem word en kan nie van een jaar na ‘n volgende oorgedra word nie.

5.2. INTERNE POSISIONERING

Dit is belangrik dat ‘n ambassadeur nie net ekstern positief ervaar sal word nie, maar ook deur alle interne teikengehore. Die volgende sal dus ook met die evaluasie van nominasies in ag geneem word:

- Interne ambassadeurskap en ware Klofieskap (moet die opinie van die eksterne gehore reflekteer)
- Leef waardes van die skool uit
- Voldoen aan alle items in die gedragskode van die skool.

METING	PUNTETOEKENNING				
	5	4	3	2	1
Interne ambassadeurskap					
Voorbeelde:					
Leef waardes van die skool uit					
Voorbeelde:					
Voldoen aan die gedrags- en dissiplinêre kode					
Voorbeelde:					
TOTAAL					

Ten minste een voorbeeld moet deur die persoon wat die nominasie doen vir elk van bogenoemde genoem word.

5.3. OPENBARE BETREKKINGE DEUR MIDDEL VAN MEDIA BLOOTSTELLING

MEDIUM	OMSKRYWING	BLOOTSTELLING															
TELEVISIE	Enige blootstelling op televisie. Word gemeet aan die tydsduur van die blootstelling.	INTERNASIONAAL [Maksimun 5 punte]															
		AKTUALITEITSPROGRAM [5 punte]			SPORTPROGRAM [3 punte]			NUUSINSETSEL [2 punte]			ANDER [1 punt]						
		NASIONAAL [Maksimum 3 punte]															
		AKTUALITEITSPROGRAM [3 punte]			SPORTPROGRAM [2 punte]			NUUSINSETSEL [1 punt]			ANDER [1 punt]						
RADIO	Enige blootstelling op enige radiostasie. Word gemeet aan die tydsduur van die insetsel/onderhoud.	NASIONAAL [Maksimum 3 punte]															
		AKTUALITEITSPROGRAM [3 punte]			SPORTPROGRAM [2 punte]			NUUSINSETSEL [1 punt]			ANDER [1 punt]						
		PLAASLIK [Maksimum 2 punte]															
		AKTUALITEITSPROGRAM [2 punte]			SPORTPROGRAM [2 punte]			NUUSINSETSEL [1 punt]			ANDER [1 punt]						
		GEMEENSKAPSRADIOSTASIES [Almal slegs1 punt]															
		AKTUALITEITSPROGRAM			SPORTPROGRAM			NUUSINSETSEL			ANDER						
KOERANTE	Enige blootstellling in koerante. Word gemeet aan die lengte van die artikel en die posisionering daarvan.	NASIONALE KOERANTE (Rapport/Sunday Times) [Maksimum 4 punte]				PLAASLIKE KOERANTE (Beeld/Pretoria News) [Maksimum 3 punte]				GEMEENSKAPSKOERANTE (The Eastern / Rekord / Afriforum) [Maksimum 2 punte]				SKOOLSPESIFIEKE (Awsum) [Maksimum 1 punt]			
		150+ Woorde 4	-150 Woorde 3	Slegs foto 2	Melding 1	150+ Woorde 3	-150 Woorde 2	Slegs foto 1	Melding 1	150+ Woorde 2	-150 Woorde 1	Slegs foto 1	Melding 0.5	150+ Woorde 1	-150 Woorde 1	Slegs foto 1	Melding 0.5

TYDSKRIFTE	Enige blootstelling in enige tydskrif. Word gemeet aan die lengte van die artikel en die posisionering daarvan.	MAANDELIKSE [3 punte]				WEEKLIKSE [3 punte]				BEMARKINGSTYDSKRIFTE [1 punt]				AANLYNTYDSKRIFTE [2 punte]			
		150+ Woorde 3	-150 Woorde 2	Slegs foto 2	Melding 1	150+ Woorde 3	-150 Woorde 2	Slegs foto 2	Melding 1	150+ Woorde 1	-150 Woorde 0.5	Slegs foto 1	Melding 0.5	150+ woorde 2	-150 woorde 1	Slegs foto 1	Melding 0.5
SOSIALE MEDIA	Enige blootstelling op enige sosiale media platform. Word gemeet aan die insetsel en posisionering daarvan.	WEBBLAAIE [1 punt]				FACEBOOK [1 punt]				TWITTER [1 punt]				ANDER [1 punt]			
OPENBARE OPTREDE OF VERTEEN-WOORDI-GING	Enige blootstelling op enige platform buite skoolverband. Word gemeet aan die vlak en posisionering.	INTERNATIONAAL [5 punte]				NASIONAAL [4 punte]				PROVINSIAAL [3 punte]				PLAASLIK [2 punte]			
														TOTAAL			

SAMEVATTING VAN PUNTE

AREA	OPMERKINGS	PUNT
Tabel A: Interne posisionering		
Tabel B: Blootstelling		
	TOTAAL	

6. TOEKENNING

Sertifikaat van Verdienste: Leerders wat minder as 50 punte verwerf ontvang ‘n sertifikaat van Verdienste.

Spesiale toekenning: Die leerder/groep leerders wat meer as 50 punte verwerf het ontvang die trofee.

BESPREEK DEUR:			DATUM	
TERUGVOER:	GOEDKGEKEUR		AFGEKEUR	
MOTIVERING | REDE:				
HANDTEKENING:				

B MEELEWINGSTROFEË

Dit word toegeken op die Merieteaand. Die ontvanger word bepaal op grond van vasgestelde kriteria en na goeddunke van die merietekomitee.

AGTERGROND:

Die toekenning word jaarliks gemaak aan ‘n leerder wat op ‘n wye front ‘n positiewe bydrae gelewer het tot die Klofieleefwyse en wat in sy/haar daaglikse handel en wandel met personeel en leerders meegeleef het. Die leerder het ‘n bydrae gelewer tot die uitbou van die skool se gees en sy/haar optrede was nie noodwendig prestasie-gebonde nie. Hierdie leerder is die toonbeeld van “’n gelukkige Klofie is ‘n betrokke Klofie”.

TOEKENNINGSPROSES:

Nominasie: Die nominasieproses begin sowat 4 – 6 weke voor die Merieteaand en leerders word deur graad 12 Gradehoofde, Graad 12 voogpersoneel, alle belanghebbende personeel en mede Graad 12 leerders genomineer. Leerders kan hulleself ook nomineer. ‘n Kort motiverende CV word deur al die nominante by die gradehoofde ingehandig.

‘n Kortlys: van al die nominante wat hul CV’s ingehandig het**,** word deur die gradehoofde saamgestel. Die kortlys word aan die klasvoogde, merietekomitee en ander belanghebbende personeel voorgelê en gefinaliseer.

Keuringsproses: Die gradehoofde, klasvoogde en merietekomitee beoordeel kandidate op die kortlys volgens die vasgestelde kriteria en ken die Meelewingstrofeë toe.

Finale voorlegging en goedkeuring: Die naam van die suksesvolle kandidaat word met alle stawende bewyse aan die hoof en merietekomitee voorgelê vir kennisname en goedkeuring.

MEELEWINGSTROFEË

Naam van kandidaat: _____ **Graag 12/_____**

Kriteria: Kandidate op die kortlys word volgens die volgende kriteria beoordeel. 'n Punt van 1 – 5 word aan elke kandidaat toegeken vir elk van die kriteria. (1 = voldoen glad nie aan kriteria, 2 = voldoen in 'n sekere mate aan kriteria, 3 = voldoen in 'n groot mate aan kriteria, 4 = voldoen in 'n besondere mate aan kriteria, 5 = voldoen in 'n uitstekende mate aan die kriteria.)

1 punt met 'n maksimum van 5 punte

Omskrywing van kriteria:	**Punt**
Geaardheid: Hierdie leerder is meestal positief, energiek, entoesiasties, spontaan, lewenslustig, passievol, inspirerend,ondersteunend, hulpvaardig en opgewek.	
Mede leerders vind aanklank by die leerder, hy/sy kom met leerders van alle grade en groepe oor die weg. Die leerder het 'n spontane geaardheid, het empatie en toon belangstelling in mede leerders.	
Personeel vind die leerder aangenaam, betroubaar, meelewend in die klas en goedgemanierd. Personeel kan op die leerder staatmaak en hy/sy bied dikwels hulp aan.	
Lojaliteit: Hierdie leerder laat nooit sy/haar skool in die steek nie. Sy/haar optrede buite die skoolterrein is'n weerspieëling van die Klofieleefwyse en sy/haar voorkoms is netjies. Die leerder kom die gedragskode van die skool na en is 'n ambassadeur van die skool.	
Deelname aan aktiwiteite wat **nie noodwendig prestasie-gebonde** was nie. Bv. Speel vir tweede of derde sportspanne, neem aan interne redenaars deel. Neem deel aan kultuurproduksie, vertolk nie noodwendig hoofrol nie.	
Deelname: aan 'n verskeidenheid van sport en kultuuraktiwitiete. Bv. Interhuis, Klofiekunstefees, Graad 8 bekendstellingskomitee, Mnr en Mej Waterkloof.	
Betrokke by skoolaangeleenthede: **Geesbou** en motivering van leerders om byeenkomste by te woon. Bv. Dirigent, geesbou tydens vierkantsopeninge, kaskar, Klofie-lympics, Klofie-kunstefees en kaperjolle. Kan nie net vermaak nie maar ook inspirer.. Ook geesbouer in graadverband. Kan maats betrokke maak.	
Betrokkenheid by skoolaangeleenthede: Behulpsaam met verrigting van take bv tydens Opedag, skoolfunksies, Interhuis, sportbyeenkomste (vlagman).	
Betrokkenheid by skoolaangeleenthede: Ondersteuning van 'n verskeidenheid aktiwiteite bv. Ondersteuning tydens sportaangeleenthede, van kultuuraktiwiteite, Kriekettellinghouer, spanbestuurder ens.	
Betrokkenheid by projekte gerig op breë gemeenskap. Bv. Uit vrye wil betrokke by uitreikaksies geloods deur Lewensverrykingskomitee van die Klofieraad. Betoon empatie.	
Totale puntetoekenning uit 50:	

C. KLOFIE VAN DIE JAAR

AGTERGROND:

Die toekenning word jaarliks gemaak aan 'n leerder wat besondere veelsydigheid gedurende sy/haar Graad 12 jaar getoon het. Die veelsydigheid wat deur die suksesvolle kandidaat getoon is, is egter ook aan prestasie verbind . Dit is dus 'n veelsydige leerder wat op ten minste 3 van die 4 terreine 'n **besondere** bydrae gelewer het en op die vierde terrein aktiewe deelname getoon het. Akademiese prestasie en leierskap bly 'n voorvereiste.

TOEKENNINGSPROSES:

Nominasie: Die nominasieproses begin sowat 4 – 6 weke voor die Merieteaand en leerders word deur graad 12 Gradehoofde, Graad 12 voogpersoneel, alle belanghebbende personeel en mede Graad 12 leerders genomineer. Leerders kan hulleself ook nomineer.

‘n Kortlys: van al die nominante word deur die gradehoofde saamgestel.
Die kortlys word aan die klasvoogde, merietekomitee en ander berlanghebbende personeel voorgelê en gefinaliseer.

Keuringsproses: Die gradehoofde, klasvoogde en merietekomitee beoordeel kandidate op die kortlys volgens die vasgestelde kriteria en ken die Klofie van die Jaar trofeë toe. Die merietekomitee kan behulpsaam wees met al die inligting rakende graad 12 merietetoekennings vir sowel akademie as sport en kultuurprestasies. Stawende bewyse moet ingedien word.

Finale voorlegging en goedkeuring: Die naam van die suksesvolle kandidaat word met alle stawende bewyse aan die hoof en merietekomitee voorgelê vir kennisname en goedkeuring.

Vereistes:

Akademie:

- Gemiddeld bo 70%
- Mag geen vakke druip nie.
- Jaarpunt gemiddeld verwerk na punt uit 30.
- SVV = 5, Kleure = 8, Erekleure = 10, Goue Penning = 15. Bereken slegs hoogste toekenning
- Trofeë as beste presteerder = 5 per vak.
- Vakke bo 90% = 2 per vak.
- Akademiese aktiwiteite bv. Expo, Olimpiades – 1e rondte = 3, 2de rondtes= 5, 3de rondte = 7.
- Totaal = 100

Sport:

- Deelname = 3, SVV = 5, Kleure = 8, Erekleure = 10, Pennings = 15. Bereken slegs hoogste toekenning.
- Trofeë as beste presteerder = 20.
- Totaal: 50

Kultuur:

- Deelname = 3, SVV = 5, Kleure = 8, Erekleure = 10, Pennings = 15. Bereken slegs hoogste toekenning.
- Trofeë as beste presteerder = 20.
- Totaal: 50

Leierskap:

- Hoofleier = 25, Onderhoofleier =20, Klofieraad = 15, VLR-dagbestuur = 10.
- Voorsitter van vereniging of spankaptein = 10.
- VLR lid = 5
- Junior Stadsraad = 15
- Totaal: 50

Bonuspunte:

- Vir 100% skoolbesoek.
- Uitstaande persoonlikheidseienskappe.

KLOFIE VAN DIE JAAR

Naam van kandidaat: _____ **Gr. 12 /** _____

AKADEMIE:

Jaarpunt gemiddeld: _____% = _____/30

- ☐ Goue penning: 15 _____
- ☐ Erekleure: 10 _____
- ☐ Kleure: 8 _____
- ☐ SVV: 5 _____
- ☐ Trofeë beste presteerder per vak: 5 × _____
- ☐ Vakke bo 90%: 2 × _____
- ☐ Akademiese aktiwiteite: _____
- ☐ Ander: _____

Totaal: _____**/70**

Totaal Akademie: _____**/100**

LEIERSKAP:

- ☐ Hoofleier: 25 _____
- ☐ Onderhoofleier: 20 _____
- ☐ Klofieraad: 15 _____
- ☐ VLR dagbestuur: 10 _____
- ☐ Kaptein / voorsitter: 10 _____
- ☐ VLR: 5 _____
- ☐ Junior Stadsraad: 15 _____
- ☐ Ander: _____

Totaal Leierskap: _____**/50**

SPORT:

- ☐ Deelname: 3 _____
- ☐ SVV: 5 _____
- ☐ Kleure: 8 _____
- ☐ Erekleure: 10 _____
- ☐ Pennings: 15 _____
- ☐ Trofeë as top presteerder: 20 _____
- ☐ Ander: _____

Totaal Sport: _____**/50**

KULTUUR:

- ☐ Deelname: 3 _____
- ☐ SVV: 5 _____
- ☐ Kleure: 8 _____
- ☐ Erekleure: 10 _____
- ☐ Pennings: 15 _____
- ☐ Trofeë as top presteerder: 20 _____
- ☐ Ander: _____

Totaal Kultuur: _____**/50**

BONUSPUNTE:_____

TOTAAL: KLOFIE VAN DIE JAAR /200